basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2015
# GRAAD 5 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
# TOETS

| PUNTE | |
|---|---|

**PUNTE: 60**

**TYDSDUUR: 1½ uur**

**PROVINSIE** ____________________________________________

**DISTRIK** ____________________________________________

**KRING** ____________________________________________

**SKOOL** ____________________________________________

**EMIS-NOMMER (9 syfers)**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | |

**KLAS (bv. 5A)** ______________________

**VAN** ____________________________________________

**NAAM** ____________________________________________

**GESLAG (✓)**

| SEUN | | DOGTER | |
|---|---|---|---|

**GEBOORTEDATUM**

| C | C | Y | Y | M | M | D | D |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

**Hierdie toets bestaan uit 14 bladsye, die buiteblad uitgesluit.**

**Instruksies aan die leerder:**

1. Die onderwyser sal die instruksies lees en die oefenvoorbeelde saam met jou doen.
2. Lees al die instruksies noukeurig deur.
3. Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien word.
4. Waar daar meervoudigekeuse-vrae is, omkring slegs die letter van die korrekte antwoord.
5. Waar een woord verwag word, skryf slegs die woord in die spasie wat voorsien word.
6. Skryf netjies en leesbaar.

**Oefenvoorbeelde**

1. Watter land word deur die Bafana Bafana-sokkerspan verteenwoordig?

   A Australië

   B Suid-Afrika

   C Kameroen

   D Nigerië

   Jy het die vraag korrek beantwoord as jy (B) omkring het.

2. Watter woord is die selfstandige naamwoord in die volgende sin? Skryf die woord op die lyntjie.

   Die boek is interessant.

   ____________

   Jy het die vraag korrek beantwoord as jy "boek" op die lyntjie geskryf het.

3. Gee **twee** redes hoekom jy skool hierdie jaar gaan geniet.

   ________________________________________________________________

   ________________________________________________________________

   Jy moes in volsinne op die lyntjies iets soortgelyk as die onderstaande antwoord hieronder geskryf het.

   Ek sal hierdie jaar baie geniet, want my Afrikaanse-juffrou is vriendelik.

   Ek sal dit ook geniet, want ek gaan weer al my vriende sien.

**Die toets begin op die volgende bladsy.**

Lees die onderstaande teks en beantwoord vraag 1-17.




Prentjie A



Prentjie B

1 Vuur is ŉ belangrike deel van ŉ mens se lewe. Met vuur kan ŉ mens lig maak en kos en water kook. Mense het ontdek dat gekookte kos makliker kou en beter smaak as rou kos. Vuur is ook vroeër gebruik om mense te beskerm en om wilde diere af te skrik.

2 Hoe het mense geleer om vuur te gebruik? Duisende jare gelede het mense ontdek dat vuur gemaak kan word deur twee stukke hout teen mekaar te vryf. Hulle het ook uitgevind dat jy vuur kan maak deur klippe teen mekaar te slaan. Dit was moeilik om vure so aan te steek, daarom het hulle die vure vir solank as moontlik aan die brand gehou. Mense wat nie vuurhoutjies of aanstekers het nie, kan op die manier vuurmaak.

3 Sommige mense het geleer om oonde te bou. Die eerste oonde was rond en van klei met geen skoorstene nie (openinge waardeur rook beweeg) gemaak. Nou kon mense vure in hul huise maak en kos daar kook. Houtstowe en koolstowe het nou skoorstene om rook buitentoe te laat gaan. Hierdie nuwe manier het beteken dat mense kan warm bly sonder om rook in te asem.

[Aangepas van die Internet: Discovery and Creation of Fire]

1. Wat is die beste titel vir die storie?

   A Rook in die Huis
   B Gebruik van Skoorstene
   C Bou van Stowe
   D Ontdekking van Vuur (1)

2. Watter materiaal in prentjie A word gebruik om vuur te maak?

   A Skoorstene
   B Vonke
   C Hout
   D Rotse (1)

3. Watter prentjie wys die moderne manier om vuur te maak?

   Prentjie _____________ (1)

4. Waarvoor word vuur gebruik volgens paragraaf 1 in die teks?

   A Om vuurmaakplekke te maak
   B Om stowe te bou
   C Om siektes te genees
   D Om kos te kook (1)

5. Wat is die korrekte betekenis van die onderstreepte woord?

   Dit is baie **ingewikkeld** om vuur met hout te maak.

   A Moeilik
   B Eenvoudig
   C Swaar
   D Maklik (1)

6. Voltooi die volgende stelling.

Hout- en koolstowe het skoorstene sodat dit die ____________________ buite toe kan laat gaan. (Paragraaf 3) (1)

7. Vuur maak in die huis veroorsaak baie rook wat mense dikwels inasem.

Merk (☐) die korrekte antwoord.

| Waar | Onwaar |
|---|---|
| | |

Gee ŉ goeie rede vir jou antwoord.

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

8. Wat is die hoofgedagte van die teks?

Hoe om ....

A vonke te maak.

B stowe te bou.

C kos te kook.

D vuur te maak. (1)

9. Skryf die korrekte woord tussen hakies neer.

ŉ Mens kan met (hout/houd) vuurmaak.

(1)

____________________

10. Skryf die onderstaande sin en gebruik hoofletters, kommas en punte.

thembi hou daarvan om hout blare en gras langs die Umngeni-rivier op te tel

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (3)

11. Verbind die volgende sinne met "want".

Mense hou daarvan om gasstowe te gebruik. Hulle rook nie baie nie.

Mense hou daarvan om gasstowe te gebruik, want ___________________

___________________________________________________________ (1)

12. Kies die korrekte voorvoegsels vir die woord tussen hakies sodat die betekenis van die sin korrek is.

| | | | |
|---|---|---|---|
| her- | mis- | on- | ver- |

Ons (gebruik) vuur as ons die woud aan die brand steek. (1)

_______________________________

13. Skryf die korrekte sinoniem tussen hakies vir die onderstreepte woord.
Mense het <u>ontdek</u> hoe om vuur te maak.

(uitgevind/begin)

___________________ (1)

14. Skryf die teenoorgestelde geslag van die onderstreepte woorde neer.

14.1 ʼn <u>Man</u> gebruik vuurhoutjies om ʼn vuur aan te steek.

_______________________________ (1)

14.2 Mense maak vuur om vir ʼn <u>koning</u> kos te maak.

_______________________________ (1)

15. Gee die meervoud van die onderstreepte woord.

Hulle eet hulle gekookte kos uit ʼn <u>bord</u>.

___________________________________ (1)

16. Wat is die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord tussen hakies?

Gasstowe kook (vinnig) as houtstowe.

A mees vinnig

B meer vinnig

C vinnigste

D vinniger (1)

17. Voltooi die volgende paragraaf deur die korrekte voorsetsel tussen hakies te kies.

Skryf die antwoord in die spasie wat voorsien word.

Ons gebruik nog steeds houtstowe 17.1 (onder/in) __________ons huise.

Om met vuur te speel, kan jou in die moeilikheid laat beland. Mense maak kos 17.2 (op/onder)__________ 'n stoof gaar. (2)

Lees die onderstaande gedig en beantwoord vraag 18-26.

**Na daar waar mense min**

Onder die sterre
langs die vuur
vry van dorp
vry van stad
is by verre
die beste plek

en hoe langer dit duur
hoe meer mens word ek.

So, wanneer ek kan
vat ek die lang pad
sommer enige rigting in

na daar waar dit stil is
na daar waar water is
na daar waar mense min

en my siel kan rus

[Deur Rudi Coetzer]

18. Watter woord in reël 12 het dieselfde betekenis as die woord “rustig”?

_______________ (1)

19. Waarvan, volgens die gedig, wil die digter vry wees? Verwys na reël 3 en 4.

______________________________________________________________________ (1)

20. Skryf woorde uit die gedig neer wat met die volgende woorde rym:

20.1 "sterre" rym met ________________________________________ (1)

20.2 "vuur" rym met ________________________________________ (1)

21. Skryf **twee** woorde in reël 3 wat met dieselfde klank begin, neer.

________________________________ (2)

22. Skryf in **een** sin waaroor die gedig gaan.

__________________________________________________________

__________________________________________________________ (2)

23. Skryf 'n selfstandige naamwoord in reël 10 neer.

_______________________ (1)

24. Skryf 'n byvoeglike naamwoord in reël 10 neer.

________________________ (1)

25. Kies die korrekte woord in die blokkies hieronder om die sin te voltooi.

| | |
|---|---|
| kan | sal |

Wanneer ek ________________, vat ek die lang pad uit die stad. (1)

26. Wat is die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

Ek soek 'n plek waar dit (stil) is as in die stad?

A mees stil

B meer stil

C stiller

D stilste (1)

Lees die onderstaande inligting en beantwoord vraag 27-35.

**Lewe op die maan**



Ons het al baie oor die maan geleer sedert mnr. Neil Armstrong in 1969 op die maan geland het. Ons weet dat die maan baie van die aarde verskil en baie probleme moet eers opgelos word voordat mense daar sal kan woon. Drie van die grootste probleme is die gebrek aan suurstof, water en plante. Die maan het geen atmosfeer nie. Dit beteken dat daar geen vars lug is om in te asem nie en geen wolke kan gevorm word om reën te maak nie. Sonder plante sal mense niks hê om te eet nie.

[Aangepas uit:Comprehensive English Practice]

Voltooi die volgende sinne deur gedagtes/idees uit die boonste paragraaf te gebruik.

Mense kan nie op die maan leef nie, want daar is geen suurstof, water en 27. ____________________ nie. Die maan het geen 28. ____________________ nie, wat beteken dat daar geen suurstof is om in te asem nie en geen wolke kan gevorm word om 29. __________________________ te maak nie. (3)

30. Skryf die persoonlike voornaamwoord vir die onderstreepte woorde neer.

Mnr. Neil Armstrong het in 1969 op die maan geland.

________________________ (1)

31. Skryf die korrekte besitlike voornaamwoord vir die onderstreepte woord neer.

Die maan behoort nie aan my nie. Die maan is dus nie my nie.

________________________ (1)

32. Skryf die volgende sin oor in die teenwoordige tyd.

Ons het baie oor die maan geleer.

______________________________________________________________ (1)

33. Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd.

Ons het baie oor die maan geleer.

______________________________________________________________ (1)

34. Skryf die volgende sin oor in die ontkennende vorm.

Plante groei op die maan.

______________________________________________________________ (2)

35. Verander die volgende sin in 'n vraag.

Begin jou vraag met die woord “wie”.

Mnr. Neil Armstrong het in 1969 op die maan geland.

______________________________________________________________ (2)


36. Skryf **twee** paragrawe (100 woorde) waarin jy ’n dier waarvan jy hou, beskryf.

Onthou dat spelling, taal en punktuasie baie belangrik is.

Gebruik die volgende riglyne vir jou beplanning

- Watter soort dier is dit?
- Waar bly die dier?
- Is dit ’n mak/wilde dier?
- Wat eet die dier?
- Hoe lyk die dier?
- Hoekom hou jy van die dier?

Beplanning




(1)

Skryf jou finale beskrywende paragraaf op hierdie bladsy.

<u>Die dier waarvan ek hou</u>

(14)

**Slegs vir gebruik vir onderwyser/nasiener.**

**Puntetoekenning vir vraag 36:**

| Kriteria | Maksimum Punt | Leerder Punt |
|---|---|---|
| **36.1 Beplanning** | | |
| Relevante beplanning is gedoen. | 1 | |
| Beplanning is gedoen, maar nie relevant nie. | 0 | |
| **36.2 Formaat** | | |
| Leerder het 2 paragrawe geskryf. | 1 | |
| Leerder het ten minste 4 eenvoudinge sinne in elke paragraaf geskryf. | 1 | |
| Leerder het 1 of 2 paragrawe geskryf met minder as 4 eenvoudige sinne in elke paragraaf. | 0 | |
| **36.3 Inhoud** (Punt word toegeken as die leerder die vraag beantwoord.) | | |
| Watter soort dier is dit? | 1 | |
| Waar bly die dier? | 1 | |
| Is die ŉ mak/wilde dier? | 1 | |
| Wat eet die dier? | 1 | |
| Hoe lyk die dier? | 1 | |
| Hoekom hou jy van die dier? | 1 | |
| Inhoud is geskryf, maar geen vrae beantwoord nie. | 0 | |
| **36.5 Taalgebruik** | | |
| Variasie van soort sinne met gepaste punktuasie. | 2-1 | |
| Goeie taalgebruik. | 2-1 | |
| Korrekte spelgebruik. | 2-1 | |
| TOTAAL | 15 | |

**GROOTTOTAAL: 60**